

#Lucas Maree

LIEDJIEWERKSWINKEL

2018



Moontlik gemaak deur die ATKV en die Atterbury Trust, met die ondersteuning van die Afrikaanse Hoër Seunskool.

25 tot 27 Mei 2018

by die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria

Die ATKV nooi aspirant-liedjieskrywers wat vanjaar in **graad 11** of **12** is, om deel te neem aan hierdie unieke liedjiewerkswinkel.

Hierdie naweekwerkswinkel is 'n allesomvattende, praktiese kursus wat deur 'n uitgesoekte groepie kenners van die musiekbedryf aangebied word. Die werkswinkel sal jou met die regte kennis bemagtig om jou potensiaal as liedjieskrywer te ontwikkel. Die aanbieders is *Hunter Kennedy (Die Heuwels Fantasties)*, *Lize Beekman*, *Jannie du Toit*, *Anna Davel*, *Elvis Blue*, *Jaconell Mouton*, *Brandon October*, *Karin Hougaard*, *Nick Matzikis (Die Academy of Sound Engineering)*, *Stephen Hollis (kopiereg-regskundige van Adams & Adams)* asook *Coenie de Villiers*.

Die werkswinkel word by die Afrikaanse Hoër Seunskool se Musiekakademie in Pretoria gehou van **Vrydag 25 Mei** om 15:00 tot **Sondag 27 Mei** om 12:30. Die koste per leerder beloop slegs R250. Verversings is ingesluit. Indien twee aande se koshuisverblyf bygereken word by die kursusgeld, beloop die koste R500 per leerder. Leerders is verantwoordelik vir hulle eie vervoer.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is **2 Mei** 2018. Daar is plek vir slegs 30 deelnemers by vanjaar se werkswinkel.

Om in te skryf: Vul die meegaande inskrywingsvorm in, laat jou musiekonderwyser dit teken, en e-pos dit aan Hannelie van Schalkwyk by die ATKV.

Kontakbesonderhede: Hannelie van Schalkwyk

011 919 9012; E-posadres: hanneliev@atkv.org.za

Die opwindende gala-geleentheid van die Lucas Maree-Liedjiewerkswinkel vind op 9 September om 15:00 in die Atterbury Teater in Pretoria plaas. Uitblinkers van vanjaar se werkswinkel gaan dan saam met Lize Beekman en Elvis Blue optree.